



Hoe om in te teken vir Google Classroom

Gaan na Google se tuisblad deur mate van enige internetplatform, bv. Chrome, Internet Explorer, Mozilla Fierfox ens.


1. Kies dan die skakel wat sê “Gmail”, wat bo, regs in die hoek sal wees.




2. Die volgende blad sal jou dan die geleentheid bied om jou nuwe JvR-Google e-pos-adres in te tik.




3. Tik jou e-pos-adres dan soos volg in: naam.van@janvanriebeeck.org
4. Daarna sal jy jou wagwoord (password) moet intik. Maak seker wanneer jy hoofletters moet gebruik en maak seker of jou “Caps LOCK” nie dalk aan/af is nie. Gebruik die ogie aan die regterkant as jy wil sien of jy jou wagwoord reg ingetik het.



5. 'n Inligtingsblad volg dan hierna wat dan net al die reëls en regulasies uiteensit van die gebruik van jou adres en Google se programme. Aanvaar dit.



6. Jy is dan ingeteken by jou e-pos-adres se tuisblad. Van hier af kan jy na enige van die Google of “G-Suite”-programme en platforms toe gaan.
7. Regs-bo, langs die “G-Suite”-prentjie, sal jy 'n vierkant figuur kry wat uit kolletjies bestaan. Dit is die skakel wat mens dan na al die ander programme en platforms neem wat deel vorm van “G-Suite”. Daar is ook 'n skakel na Google Classroom. Volg dit en aanvaar (accept) al die uitnodigings na klaskamers wat jy sien.



8. Kliek op 'n klaskamer om dit binne te gaan. Volg die instruksies binne die klaskamer noukeurig.

9. Hier volg 'n lys om die programme te kan vergelyk met soortgelyke programme wat julle van bewus sal wees, of alreeds ken.
- i.) Docs – Microsoft Word
 - ii.) Slides – Microsoft PowerPoint
 - iii.) Sheets – Microsoft Excel
 - iv.) Drive – 'n aanlyn platform om dokumente met mekaar te kan deel, i.p.v. om dit te e-pos. Dropbox, OneDrive, WeTransfer ens.
 - v.) Meet – Skype, FaceTime, Whatsapp Video ens.
 - vi.) Classroom – die platform waar julle in kontak sal wees met julle onderwysers rakende alle akademiese werk.
10. Vir enige akademiese hulp: e-pos jou onderwyser.
- Vir enige tegniese hulp, stuur 'n e-pos aan help@janvanriebeeck.co.za